| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer aan Streeklandroste | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

| | | |
|---|---|---|
| | Saakno: / Case number: | **CA&R 185/06** |
| | Datum verhoor: / Date heard: | **30/03/2007** |
| Datum gelewer: / Date delivered: | **26/03/2007** | |

In die appËl:

**BEZELA, MOSES** Appellant

teen

**DIE STAAT**

**Respondent**

*Coram: Lacock R et Molwantwa WnR*

## UITSPRAAK OP APPÈL

**LACOCK R:**

1] Die appellant is in die Streekhof skuldig bevind aan roof met verswarende omstandighede asook aan ontsnapping uit bewaring nadat hy in hegtenis geneem is, en is gevonnis tot agt jaar en ses maande gevangenisstraf onderskeidelik op die twee aanklagtes. Die appellant kom nou met verlof van

die Verhoorhof in hoër beroep slegs teen die skuldigbevindings.

2] Die omstandighede wat tot die skuldigbevinding van die appellant gelei het, is as volg geskets deur die drie getuies wat namens die Staat getuig het:

[21] Gedurende die middag van 20 Junie 2004 het mej. Patricia Mobilu saam met ‘n vriendin, Nomsa Dube, gestap vanaf die Klagen supermark geleë in ‘n woonbuurt in Galeshewe, Kimberley. Terwyl hulle aldus gestap het, het die appellant hulle van agter genader en mej. Mobilu van haar selfoon beroof wat aan ‘n lyn om haar nek gehang het nadat hy die lyn met ‘n mes afgesny het, haar op die grond laat val het en haar met die mes gedreig het. Nadat die appellant die klaagster aldus beroof het, het hy die toneel verlaat, maar het die klaagster hom gevolg en op ‘n stadium twee mans versoek om haar te help om haar selfoon terug te kry. Terwyl sy en hierdie mans die appellant konfronteer het, het die klaagster ‘n polisie voertuig wat daar verby gery het, nader gewink. ‘n Polisiebeampte, konstabel Sekwera, het die appellant visenteer en die klaagster se selfoon in sy sak gevind. Hierop is die appellant gearresteer en agter in die polisie vangwa gelaai.

[22] Vanaf die arrestasie toneel is die klaagster saam met die Polisie na eersgenoemde se woning. Konstabel Sekwera wou homself vergewis dat die betrokke selfoon dié is wat van die klaagster geroof was.

Op pad vanaf die woning van die klaagster het die appellant daarin geslaag om die deur van die vangwa oop te maak, en het hy by ‘n 4-rigting kruising uit die voertuig gespring en weggehardloop. Mnr. Sekwera het hom weer gevang, maar moes polisie versterkings ontbied om die appellant in bedwang te hou en weer in die polisie voertuig te plaas.

3] Die appellant het ontken dat hy die klaagster beroof het, en het beweer dat hy die selfoon teen ‘n heining langs ‘n straat opgetel het. Ook het hy ontken dat hy uit bewaring ontsnap het en het beweer dat die polisie hom uit die vangwa vrygelaat het nadat hy aanvanklik gearresteer en daarin geplaas is.

4] Die landdros het die weergawe van die staatsgetuies aanvaar, dié van die appellant as nie redelik moontlik waar nie, verwerp en die appellant skuldig bevind soos aangekla. Na my mening het die landdros heeltemal tereg tot hierdie gevolgtrekking gekom.

[41] Behalwe moontlik op een aspek, het die drie staatsgetuies mekaar in alle wesenlike opsigte gestaaf, het nie mekaar of hulself in enige wesenlike aspek weerspreek nie, en het – ten spyte van deurtastende kruisverhoor – geensins van hul weergawes afgewyk nie. Daarbenewens het die landdros bevind dat hulle as getuies 'n goeie indruk gemaak het.

5] Hierteenoor het die landdros bevind dat die appellant as getuie nie beÔndruk het nie. Ook hierdie bevinding is myns insiens geregverdig daar die beskuldigde by geleentheid sy getuienis aangepas het aangaande die vraag of hy deur die polisie met *"pepper spray"* gespuit was of nie. Sy getuienis strook ook nie met die waarskynlikhede nie.

Dit is hoogs onwaarskynlik dat die klaagster aan die polisie 'n rapport sou maak dat die appellant die foon van haar sou geroof het, as sy – soos getuig deur die beskuldigde – kon sien dat hy dit langs die straat opgetel het. Dit is ook onwaarskynlik dat iemand anders nie die selfoon sou opgetel het nie, daar – aldus die appellant – dit oop en bloot langs die straat gelÍ het waar baie mense beweeg het.

Dit is eweneens hoogs onwaarskynlik dat die polisie, terwyl

hulle met die klaagster en die appellant op pad is na die polisiestasie vir die afneem van verklarings na aanleiding van die klaagster se klagte, die appellant sou vrylaat uit aanhouding voordat hulle by die polisiestasie uitgekom het.

6] Die enigste moontlike weerspreking tussen die Staatsgetuies is daarin geleë dat die klaagster beweer het dat, nadat die appellant gearresteer was, die Polisie ‘n mes op hom gevind het, terwyl konstabel Sekwera getuig het dat hy nie ‘n mes op die appellant gevind het nie.  Of hierdie werklik ‘n weerspreking is, sal daarvan afhang of konstabel Sekwera die *“Polisie”* was wat die mes op die appellant gevind het. Die klaagster het nie getuig dat dit mnr. Sekwera was wat die mes gevind het nie, maar het sy bloot na *“die Polisie”* verwys.  Dit kan ook wees dat óf sy óf mnr. Sekwera ‘n fout hieraangaande gemaak het.

Wat van wesenlike belang is, is die vraag of die appellant ‘n mes gebruik het tydens die rooftog.  Hieraangaande, en soos toegegee deur mnr. Rasethuntsa namens die appellant, is bo redelik twyfel bewys dat hy inderdaad ‘n mes gebruik het. Die bevinding dat die roof met verswarende omstandighede gepaard gegaan het, moet vervolgens gehandhaaf word.

7] **Vervolgens word die appèl afgewys**.

HJ Lacock
**REGTER**

Ek stem saam.

BC Molwantwa
**WAARNEMENDE REGTER**

**Namens appellant:** **Adv Rasethuntsa (Regshulpsentrum, Kimberley)**

**Namens respondent:** **Adv AH Van Heerden (Kantoor van die DOV, Kimberley)**